Die navorsingseenheid van die NWU-Puk, AUTHeR, het verlede week Vrydag met die kinders van Potch Central Primary gaan praat oor hulle nuwe projek. Die projek is in samewerking met die Duitse firma, ALENSYS, waar hulle gebruikte kookolie insamel en dit omskep in bio-paraffien wat 'n baie gesonder alternatief is. Die skool is aangemoedig om deel te neem aan die projek en daar is 'n paar blou dromme geplaas waar leerlinge hul gebruikte kookolie kan ingooi. Die firma wat dan hierdie olie kom haal vir herwinning is Humelani. Op die foto is: Christi Niesing (Gesondheidswetenskap; AUTHeR), Lizmari van der Merwe en Joyce Matsietso (albei van AUTHeR), Chris van den Berg (hoof) en Mthokozisi Mthethwa (Humelani) saam met 'n klomp van die leerlinge van Potch Central Primary. Foto: Sonika van Wyk